Neptunus Plumbers

Since 1995

Tips

- Leaking toilets will fill up your conservancy tank quickly that lead to extra costs and high-water account.
- Set geyser to the right temperature to save money on your electricity account (65ºC for winter) (55ºC for summer)
- Install a geyser wise system to have full control over geyser settings.

Neptunus Plumbers to your service in Prince Albert and surrounding arias.
Free quotations and no call out fee in Prince Albert.

Contact Details
Jannie and Antoinette Human
Cell: 082 9565796

Neptunus Loodgieters

Vanaf 1995

Gespesialiseerde Dienste

- Algemene loodgieters dienste.
- Waterlek opsporing en herstel van waterlekke.
- Riool kamera inspeksies.
- Riool Jet Cleaning.
- Wortel verwydering d.m.v Ridgid rotasie masjien.
- Oopmaak van verstopte 50mm uitlate.
- Solar geysers.
- Nuwe Installasies en opgradering.

Neptunus Loodgieters tot u diens in Prince Albert en omliggende arias.
Moeder maatskapy in Pretoria gebaseer vanaf 1995 en lewer n gespesialiseerde diens landswyd.

Kontak Besonderhede

Jannie en Antoinette Human
Cell: 082 9565796

Wie en wat is FARR?

Christel Botes: Projekkoördineerder, Prince Albert

Dit was die vraag wat Dr. Leana Olivier, H.U.B. van FARR Foundation for Alcohol Related Research) op Dinsdag, 13 Desember aan die inwoners van Merweville, tydens 'n Bekendstellingsvergadering aan belanghebbendes gevra het. Sy het voorts interessante feite oor die ontstaan van die organisasie en sy geskiedenis gedeel. Sy het ook erkenning gegee aan Aware.org wat die projek befonds.

Dit was 'n tipiese somersdag in die Karoo, met die son wat warm en helder geskyn het, maar die mense uit die gemeenskap het nie moeite ontsien om te kom luister nie en 'n totaal van 109 persone het die vergadering bygewoon. Ds. Herman Burger van die plaaslike NGK, het die verrigtinge vir ons met skriflesing en gebed geopen.

Dr. Olivier het aan die hand van 'n praktiese illustrasie getoon hoe groot die verskil van FASA (Fetale Alkohol Spektrum Afwykings) in Suid - Afrika teenoor die voorkoms van FASA in die res van die wêreld is. In Suid-Afrika wissel die nagevorsde voorkoms van FASA, tussen 2,6% in die area waar die laagste voorkomssyfer was en 30% waar die hoogste voorkomssyfer was. Prince Albert projek area, insluitend die dorpies Prince Albert, Leeu-Gamka en Merweville se voorkomssyfer is 'n yslike 14,5% wat beteken dat 145 uit elke 1000 mense op die een of ander manier deur voorgeboortelike blootstelling aan alkohol geaffekteer is.

Gemeenskapswerker, Anquenic Devenish, het aan die hand van die "Het jy 3 minute?/ Do you have 3 minutes?"-kaartjie die volgende krities belangrike inligting met almal gedeel: "FASA diskrimineer geensins en gee nie om wat jou geloofs-, kultuur of inkomste groep is nie, nee... Sodra 'n fetus (ongebore baba) in die baarmoeder is, word dit aan dieselfde konsentrasie alkohol blootgestel as die swanger ma. FASA word geassosieer met 'n reeks lewenslange fisiese, gedrags- en intellektuele afwykings. Geen hoeveelheid alkohol of enige tipe alkohol is veilig tydens swangerskap nie."

Wat gebeur met 'n persoon wat FASA het?

1. Daar is permanente breinskade wat beteken hulle:
   - Sukkel by die skool of by die werk.
   - Vind dit moeilik om instruksies en reëls te volg.
   - Sukkel om te leer van ervaring en mag herhaaldelik dieselfde foute maak.
   - Word as "stout" gesien, terwyl hulle slegs sukkel om by hulle ouderdoms groep by te hou.
2. Moontlike fisiese gebreke en skade aan organe wat die hart, oë, ore en ander organe kan insluit
   - Hulle mag moontlik meer gereeld siek raak en dus gesondheidsorg, soos dokters, benodig as ander mense.

Anquenic Devenish doen 'n DO YOU HAVE 3 MINUTES? aanbieding.
Foto: Christel Botes

Wat kan ons doen om FASA te voorkom?

- Deel hierdie inligting met familie en vriende.
- Ondersteun swanger vroue (moeders) om van alkohol weg te bly tydens swangerskap
- Moenie alkohol gebruik wanneer jy beplan om swanger te raak of swanger is nie.
- Indien jy swanger is: hou DADELIK op om alkohol te gebruik.

FASA is permanent, maar dit is 100% voorkombaar!

Na afloop van die vergadering kon almal 'n glasie koeldrank en stukkie koek geniet, voordat hul huiswaarts gekeer het.

Uitnodiging!

- FARR bied op 21-24 Februarie 2023 'n FAStrap© kursus in Merweville aan. Daar is geen registrasiekoste nie. Kursusgangers wat die hele kursus suksesvol voltooi, sal 'n sertifikaat ontvang.
- Teken ook solank in u dagboeke aan dat daar op 15 Maart 2023 'n "FASD & Alcohol Harm Reduction" seminaar aangebied word in Prince Albert, by die NGK kerksaal. Vooraf registrasie is belangrik en 'n volledige program sal aan geregistreerde persone gestuur word.

Kontak gerus die Projekkoördineerder, Christel Botes (063 382 6640) vir 'n registrasievorm of verdere besonderhede.

U is ook baie welkom om 'n draai by die kantore te maak. Kontak gerus vir Gemeenskapswerker, Anquenic Devenish (066 329 6341) by FARR se kantoor in Pleinstraat 22, Merweville of Gemeenskapswerker, Muschke Hendriks (066 391 4736) indien u by Prince Albert se kantoor in Kwikkiestraat 19, wil kom inloer.■